



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 18 SEPTEMBER 2024 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Beampies:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekreatriaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdl N Smit om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen verskonings is ontvang nie.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 15 AUGUSTUS 2024

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 15 Augustus 2024 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELING UIT DIE NOTULES

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 11 SEPTEMBER 2024

5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

Besluit/...

5.1.1/...

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE**BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE**BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 BESKERMINGDIENSTE**BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

7. NUWE SAKE**7.1 IMPLEMENTERING VAN DIE SALARIS EN LOON KOLLEKTIEWE OOREENKOMS VIR DIE PERIODE 1 JULIE 2024 TOT 30 JUNIE 2029 (4/2/3)**

Die onderhandelinge ten opsigte van die nuwe Salaris en Loon Kollektiewe Ooreenkoms is op 6 September 2024 geëvolvoer.

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 19 Junie 2024 voorgestel dat 'n mandaat van 'n 3% salarisverhoging aan SALGA deurgegee word.

Die Fasiliteerder se voorstel is op 26 Augustus 2024 deur SALGA en die ander partye aanvaar, ten spyte van die mandate wat deur munisipaliteite voorsien is. Swartland Munisipaliteit het tydens die mandaatvergadering bevestig dat die voorstel nie aanvaar word nie, maar is ingevolge die Kollektiewe Ooreenkoms wetlik verplig om die salarisverhogings te implementeer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word van die Salaris en Loon Kollektiewe Ooreenkoms vir die periode 1 Julie 2024 tot 30 Junie 2029 waaraan die Munisipaliteit wetlik gebonde is om dit te implementeer;
- (b) Dat kennis geneem word dat die 4.5% verhoging op salarisse en gepaardgaande voordele betaal sal word met die salarislopie gedurende September 2024;
- (c) Dat verder kennis geneem word dat die terugwerkende betaling vir Julie 2024 en Augustus 2024 en gepaardgaande voordele, insluitende die regstellings van oortydbetalings, betaal sal word met die salarislopie gedurende September 2024;

7.1/...

- (d) Dat die Hoof: Finansiële Beampte getaak word om die tekort te befonds gedurende die Januarie 2025 Aansuiweringsbegrotingsproses hetsy deur besparings of addisionele realisties verwagte inkomstestrome;
- (e) Dat kennis geneem word dat die eenmalige nie-pensioendraende *Gap Market* toelae van R2 000.00 betaal sal word met die salarislopie gedurende Februarie 2025, ná goedkeuring van die aansuiweringsbegroting in Januarie 2025;
- (f) Dat goedkeuring verleen word dat die nie-pensioendraende *Gap Market* toelae vir die vier werknemers wat aftree tussen 6 September 2024 en 28 Februarie 2025, betaal word saam met die finale betaling van hul salarisse en dat hierdie goedkeuring ook van toepassing gemaak word op werknemers wat medies ongeskik verklaar word (indien enige) gedurende die voormelde periode;
- (g) Dat verder kennis geneem word dat die implementering van die nuwe kollektiewe ooreenkoms aanpassings aan die buitejare van die huidige 2024/25-2026/27 MTREF vereis;
- (h) Dat die Munisipaliteit bekommerd is oor die instemming van SALGA tot die ruim salarisverhogings en dat dit dienoreenkomstig aan SALGA gekommunikeer word;
- (i) Dat die Raad dienoreenkomstig ingelig word.

7.2 **BEGROTING VIR DIE ONDERHOUD AAN PROVINSIALE HOOFPAAI: 2025/2026 FINANSIËLE JAAR (5/6/1/1/2)**

Die beraamde uitgawes aan die onderhoud van provinsiale hoofpaaie word op 'n jaarlikse basis aan die Distrikpadingenieur deurgegee vir oorweging en goedkeuring.

Die tabel met die beraamde uitgawes is vervat in die verslag tot die sakelys.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die begroting van uitgawes aan die onderhoud van Provinsiale Hoofpaaie vir die 2025/2026 finansiële jaar goedgekeur word;
- (b) Dat daar vanaf die Weskus Distrikmunisipaliteit verneem word watter paaie in die Swartland munisipale regsgebied oor die volgende paar jaar geïdentifiseer is vir die nodige onderhoud- en herseelwerk.

7.3 **SAAKNOMMER 1394/2022: SWARTLAND MUNISIPALITEIT (EKSEKUSIE KREDITEUR) / SYDNEY DAWNDALE JACOBS (VONNISSKULDENAAR): VOORGESTELDE AANKOOP VAN ERF 3986, RIVERLANDS (5/7/1/1)**

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee is op 21 Februarie 2024 ingelig insake die situasie betreffende Erf 3986, Riverlands. Die Munisipaliteit kon daarin slaag om deur 'n kredietinvorderingsproses beslag te lê op die betrokke eiendom, welke eiendom eersdaag in samewerking met die Balju op 'n veiling te koop aangebied sal word.

Daar is ook aangedui dat dit voordelig vir die Munisipaliteit sal wees om self die grond te bekom.

Sedertdien is daar voldoen aan die vereiste geregtelike stappe en het die prokureurs bevestig dat die veiling op 18 Oktober 2024 om 10:00 sal plaasvind.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die Munisipale Bestuurder (of sy genomineerde) met volmag beklee word om 'n bedrag wat nie R65 000.00 sal oorskry nie, vir die eiendom aan te bied by die veiling, in 'n poging om eienaarskap te bekom en gevolglik verder te mag handel met die eiendom.

7.4 VERHURING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 327, KLIPKOPPIE, MALMESBURY AAN COMTEL COMMUNICATIONS (PTY) LTD VIR TELEKOMMUNUKASIE-DOELEINDES (12/2/4-8/4)

'n Versoek is ontvang vanaf Comtel Communications (Pty) Ltd om die huurooreenkoms te verleng ten einde voort te gaan met die huur van 'n gedeelte van Erf 327, Klipkoppie vir die oprigting van telekommunikasie infrastruktuur.

Die versoek is gesirkuleer aan die betrokke departemente wat addisionele huurvoorwaardes opgelê het.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees word met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die verhuring van 'n gedeelte van Erf 327, Klipkoppie, Malmesbury, aan Comtel Communications (Edms) Bpk, onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
- (i) Dat die huurtermyn vir 'n tydperk van drie jaar sal duur vanaf 01 Augustus 2024 tot 31 Julie 2027;
 - (ii) Dat 'n huurbedrag van R479.23 per maand (6% eskalاسie per jaar) (BTW uitgesluit) betaalbaar gaan wees deur die huurder;
 - (iii) Dat die eiendom slegs aangewend word vir telekommunikasiedoeleindes en vir geen ander doel nie;
 - (iv) Dat die huurder moet verseker dat die infrastruktuur/installasie nie enige ander huurder of die verhuurder se installasie belemmer of steurings veroorsaak nie en aan die nodige veiligheidsstandaarde moet voldoen;
 - (v) Dat die infrastruktuur wat opgerig is deur die huurder duidelik gemerk word vir identifisering van infrastruktuur op die perseel;
 - (vi) Dat die huurder "wireless interface MAC Address of all wireless" toerusting wat in die 2.4GHz- en 5.8 Ghz-reeks geïnstalleer is, aan die Munisipale IKT-afdeling voorsien;
 - (vii) Dat die huurder voldoen aan alle lisensieregulasies soos vereis deur die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid Afrika, met betrekking tot die diens wat deur die huurder gelewer word, en dat bewyse aan die Munisipaliteit voorsien word; en
 - (viii) Dat bouplanne vir die bestaande sowel as addisionele infrastruktuur ingedien word by die Munisipale Boubeheer Afdeling vir goedkeuring teen 31 Maart 2025.

7.5 VERHURING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 327, KLIPKOPPIE, MALMESBURY AAN CORNERGATE TECHNOLOGIES VIR TELEKOMMUNIKASIEDOELEINDES (12/2/4-8/4)

'n Versoek is ontvang vanaf Cornergate Technologies om die huurooreenkoms te verleng ten einde voort te gaan met die huur van 'n gedeelte van Erf 327, Klipkoppie vir die oprigting van telekommunikasie infrastruktuur.

Die versoek is gesirkuleer aan die betrokke departemente wat addisionele huurvoorwaardes opgelê het.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees word met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die verhuring van 'n gedeelte van Erf 327, Klipkoppie, Malmesbury, aan Cornergate Technologies, onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:

7.5(a)/...

- (i) Dat die huurtermyn vir 'n tydperk van drie jaar sal duur vanaf 01 August 2024 tot 31 August 2027;
- (ii) Dat 'n huurbedrag van R2 570.75 per maand (6% eskalasië per jaar) (BTW uitgesluit) betaalbaar gaan wees;
- (iii) Dat die eiendom slegs aangewend word vir telekommunikasiedoeleindes en vir geen ander doel nie;
- (iv) Dat die huurder moet verseker dat die infrastruktuur/installasie nie enige ander huurder of die verhuurder se installasie belemmer of steurings veroorsaak nie en aan die nodige veiligheidsstandaarde moet voldoen;
- (v) Dat die infrastruktuur wat opgerig is deur die huurder duidelik gemerk word vir identifisering van infrastruktuur op die perseel.
- (vi) Dat die huurder "wireless interface MAC Address of all wireless" toerusting wat in die 2.4GHz- en 5.8 Ghz-reekse geïnstalleer is, aan die Munisipale IKT-afdeling voorsien;
- (vii) Dat die huurder voldoen aan alle lisensie regulasies soos deur die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika vereis, voldoen, met betrekking tot die diens wat deur die huurder gelewer word en dat bewyse aan die Munisipaliteit voorsien word;
- (viii) Dat die infrastruktuur wat opgerig is deur die huurder naby die munisipale fasiliteit (soos aangedui op foto gemerk **Bylae C**) verwyder en verskuif word na die goedgekeurde perseel wat verhuur word, teen 30 Junie 2025; en
- (ix) Dat bouplanne vir die bestaande sowel as addisionele infrastruktuur ingedien word by die Munisipale Boubeheer Afdeling vir goedkeuring teen 31 Maart 2025.

7.6 UITSTAANDE DEBITEURE: AUGUSTUS 2024 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Augustus 2024;
- (b) Dat, wanneer laekoste-huise aan die begunstigdes afgegee word, 'n waterbeheermeganisme geïnstalleer word in lyn met die toekenningsvereistes van die Departement van Infrastruktuur;
- (c) Dat kennis geneem word dat die Munisipale Bestuurder, ingevolge die nuutste Gedragskode vir Raadslede, op 'n maandelikse basis dit onder die betrokke raadslid se aandag bring indien sy/haar munisipale rekening agterstallig is. Sodoende word raadslede voortydig gewaarsku om nie die Gedragskode te oorskry nie, wat verdere optrede teen die betrokke raadslid noodsaak.

7.7 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Augustus 2024 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.8 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYINGPROSEDURES: HERSTEL VAN FINE BUBBLE DEFUSED AIR BLOWER NR 2, MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)

[Rdh T van Essen verlaat die lokaal vir die bespreking van die item, weens familiebande met een van die diensverskaffers waarvan 'n kwotasie bekom is.]

Die lugblasers by die Malmesbury WWTW is belangrike komponente in die proses om genoegsame suurstof vir die biologiese behandelingsproses te voorsien.

Dit is van uiterste belang dat die lugblasers altyd in 'n goeie werkende toestand is om uitvloeisel te verseker wat aan die nodige standaarde voldoen en nie skadelik vir die omgewing is nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel van die *fine bubble defused airblower Nr 2* by die Malmesbury WWTW deur VWE Installasies BK ten bedrae van R148 276.50 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Die blasereenheid sou vir 'n geruime tyd buite werking gelaat word indien die normale verkrygingsproses gevolg is;
 - (ii) Voormelde sou lei tot 'n faling in die behandelingsproses en uitvloeisel wat nie op standaard is nie;
 - (iii) Die herstel van die blasereenheid is dus as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat die uitgawe van R148 276.50 (BTW uitgesluit) teen posnommer: 9/239-57-1041 verreken word en dat daar voldoende befondsing beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.9 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN RETURN ACTIVATED SLUDGE PUMP NR 2 (RAS), RIEBEEK KASTEEL WWTW (8/1/B/2)

Die WWTW-stelsel op Riebeek Kasteel bestaan uit verskeie meganiese komponente wat die riool tussen die verskillende sones laat vloei deur middel van die RAS-pompe.

Een van die RAS-pompe het gebreek en dringende herstelwerk is benodig.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel van die RAS-pomp by die Riebeek Kasteel WWTW deur CAW ten bedrae van R35 060.00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Die RAS-pomp sou vir 'n geruime tyd buite werking gelaat word indien die normale verkrygingsproses gevolg is;
 - (ii) Voormelde sou aanleiding gee tot 'n faling in die behandelingsproses en verdere skade aan meganiese komponente;
 - (iii) Die herstelwerk van die RAS-pomp is dus as 'n noodgeval hanteer;

7.9/...

- (d) Dat die uitgawe van R35 060.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer: 9/240-849-381 verreken word en dat daar voldoende befondsing beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.10 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTEL VAN RIOOLVERSTOPPINGSVRAGMOTOR, CK 18526 (8/1/B/2)

Die rioolverstoppingsvragmotor is toegerus met gespesialiseerde toerusting om blokkasies in die rioolstelsel te verwyder. Dit is die enigste vragmotor in die munisipale vloot wat hierdie gespesialiseerde diens lewer en was dit noodsaaklik om herstelwerk so spoedig moontlik te laat doen.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die hestel van die Rioolverstoppingsvragmotor (*Sewer Jet Truck*), CK 18526 deur Afgri Equipment ten bedrae van R79 758.25 (BTW ingesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Die vragmotor sou vir 'n geruime tyd buite werking gelaat word indien die normale verkrygingsproses gevolg is;
 - (ii) Voormelde sou aanleiding gee tot 'n faling in die diens om rioolverstoppings skoon te maak, met ernstige gevolge vir die omgewing en openbare gesondheid;
 - (iii) Die herstelwerk van die vragmotor is dus as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat die uitgawe van R79 758.25 (BTW ingesluit) teen posnommer: 9/4-19-5 verreken word en dat daar voldoende befondsing beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.11 VOORLEGGING VAN DIE NOTULE VAN 'N MUNISIPALE PRESTASIE, RISIKO EN OUDITKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 28 MEI 2024 (5/15/1/3)

Die Ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, Nr 56 van 2003.

Die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomiteevergadering gehou op 28 Mei 2024 is met die sakelys gesirkuleer, en bevat geen aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie, Risiko en Ouditkomitee se vergadering van 28 Mei 2024.

**(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER**